**Prag in gebrokenheid**

**Tema: Kosbaarhede**

**Deur Nanette Jordaan**

Gebrokenheid is ‘n ander tipe mooi.
Die rouste vorm van prag.
Soos ‘n ou, oorgroeide bouval,
‘n treinspoor wat jare al nie meer gebruik word nie
of die versplinterde lig van ‘n reënboog.
Gebroke harte is die mooiste.
Jý is vir my so verskriklik mooi.
Ek hoop my gebrokenheid was vir jou só ‘n mooi.
Ek hoop ek was vir jou so mooi
soos bloed op glasstukke.